

LEERDER HIGIËNE



Alle leerdere moet:

- Daaglik bad
- Tande borsel twee maal per dag.
- Elke dag skoon gewaste klere dra.
- Hande en voete moet skoon en goed versorg wees.

Seuns se Hare

Hare moet ten alle tye netjies wees. Dit beteken dat dit nie aan die agterkant van die kop of bokant die ore moet bondel nie, maar moet gevorm en eweredig gegradeer wees.

Hare mag nie aan die kraag raak nie en mag nie in 'n punt eindig nie.

Lengte:

- Geen hare op die hoof mag oor die ore hang nie.
- Hare moet bokant die wenkbroue wees, dit moet ook die geval wees as hare af geborsel word.
- Ontoepaslike kort style is ook nie van toepassing nie.
- Hare moet eweredig gegradeer wees.
- Bakkebaard mag nie verder afgegroeï word as die helfte van die oor nie. Modieuse haarstyle of enige haarstyle wat moontlik kommentaar / afleiding ontlok, is onaanvaarbaar binne die akademieskonteks.
- Geen oormatige kleur wat hare onnatuurlik laat lyk, sal toegelaat word nie.

Meisies se Hare

- Hare mag nie oor die kraag hang nie.
- Hare wat kraaglengte of langer is moet opgebind wees en mag nie los langs die gesig of hoof af hang nie.
- Hare wat oor die wenkbroue of langs die kop en gesig af hang moet opgebind wees of vasgesteek word met haarnaalde of 'n "Alice band"
- Die volgende haarbande word toegelaat:
- Rooi of blou "Alice band"
- Rooi of blou haarrekkies
- Rooi of blou haarkamme of haarknippe.
- Rooi of Blou haarlinte met 'n breedte van 1cm
- Modieuse haarstyle of enige haarstyle wat moontlik kommentaar / afleidings ontlok, is onaanvaarbaar binne die akademieskonteks.
- Hare met 'n natuurlike krul mag teruggebind word met enkelvlegsels wat netjies vasgebind is aan die agterkant van die kop. Ongewone style is onaanvaarbaar.
- Geen oormatige kleur wat hare, onnatuurlik laat lyk, sal toegelaat word nie.

LEERDER HIGIËNE



Versierings

- Geen juwele behalwe 'n standaard armbandhorlosie is aanvaarbaar.
- “Medic-alert” armband mag gedra word.
- Meisies mag net een gaatjie per oor hê vir oorbelle, die gaatjie mag net in die oorlel wees. Oorbelle is beperk tot knoppies oorbelle of klein ringetjies.
- Geen neusringe, tongringe, wenkbrouinge of enige ander sigbare ringe of gaatjies word toegelaat nie.
- Geen sigbare tatoeëermerke is toelaatbaar nie.

Meisies mag nie:

- Grimering gebruik nie (dit sluit onderlaag in).
- Gekleurde “Lip Ice /balm”
- Gebruik maak van naellak.
- Naels langer groei as hul vingerpunte.

Neem asb kennis, geen uitsonderings sal gemaak word vir enige leerders wat modelwerk doen nie